Saam boer ons vooruit
Together cultivating success
www.laeveld.co.za

Francois Nel

Area: Nasionaal

T: 082 490 8307 / E: fnel@laeveld.co.za

Omgewingsgesondheid- en Veiligheidsbestuurder
Safety, health, environment and quality (SHEQ)

Francois Nel is in Bloemfontein gebore en het ook sy skoolloopbaan daar voltooi. Na skool het hy sy Nasionale Diploma en B.Tech Omgewingsgesondheid aan die Sentrale Universiteit van Tegnologie in die Vrystaat voltooi met spesialiteitvelde in Water- en Voedselkwaliteit. Hy verwerf 'n verdere bestuursontwikkelingkwalifikasie by Wits se besigheidskool.

Francois is 'n geregistreerde praktisyn in Omgewingsgesondheid van die Raad van Gesondheidswerkers asook 'n gegradeerde lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Beroepsgesondheid en -veiligheid.

In sy loopbaan het hy al verskeie posisies in Omgewingsgesondheid en -bestuur beklee. Sy passie vir sy professie het talle internasionale geleenthede en toekennings op sy pad gebring en hy was bevoorreg om vir meer as 14 jaar as Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Omgewingsgesondheid te dien. Hy het selfs vir NATO in Afganistan gewerk, en ook die McDonald's voedselgroep bygestaan.

Francois was Raadslid vir die Beroepsraad vir Omgewingsgesondheid en is later aangestel in die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake as Direkteur in die presidensiële program wat verantwoordelik was om ekonomieë rondom afvalbestuur in die plaaslike regering te skep. Hy is in 2022 deur die parlement geïdentifiseer as deel van 'n ingrypingspan om die sukkelende munisipaliteit van Bloemfontein reg te ruk.

Francois is baie lief vir die natuur, gholf en vlieg. Hy is ongetroud en geniet dit om tyd saam met vriende en familie te spandeer. Sy droom is om eendag sy vlieglisensie te bekom.

Sy passie en werksetiek is gevorm deur verskeie mentors, veral sy pa, en in latere jare sy neef. Hulle het hom geleer dat dit belangrik is dat jy 'n voorbeeld van uitnemendheid moet wees, en trots moet wees op wie jy is. Reputasie en kwaliteit werk is iets wat hy hoog op prys stel. "Jou naam en reputasie is onvervangbaar, en die professionele manier waarop jy jou werk doen, is 'n uitbeelding van wie jy is."

Francois gaan Laeveld Agrochem en LAC-agente by staan met die wetlike aspekte rondom die agrochemiese bedryf.

Die sleutelareas van verantwoordelikheid:
- Regulatoriese nakoming;
- Standaardisering van regulatoriese dokumentasie;
- Monitering en ontwikkeling van 'n LAC standaard;
- Interaksie met regulatoriese instansies;
- Informele opleiding; en
- Interne en voorraad oudit.

Francois was al behulpsaam by o.a die Nylstroom depot met die nodige regulatoriese vereistes. Sy visie is om toe te sien dat LAC, as 'n progressiewe maatskappy, met die regering en ander instansies as 'n eenheid saamwerk.

Laeveld Agrochem moet die maatstaf wees in die verspreidingsbedryf, en 'n voorbeeld wees van 'n maatskappy wat verantwoordelik optree binne wetlike mandaat.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.